

Dear Parents

Reality Check

As we move forward, creating opportunities we are confronted with a variety of issues. With our Bulletjies (rugby), Blommetjies (netball) and Bokkies (hockey) we do not select an A, B, C or D team but just a team. Winning is not important as we want all learners to have exposure - they must just enjoy the game with no pressure to win. Losing is a reality and they must deal with the emotion as it is a skill which they will need in life. This also encourages them to keep practicing, participating and to make use of opportunities.

When we get to u/9 level the ball game changes as we then select A, B, C or D teams. We encourage and establish a winning culture BUT **never** at all costs. We will be beaten by a better team and this takes nothing away as our goal remains the same - to create opportunities and to be competitive.

When we are confronted with children receiving "offers" or "sponsorships" to enroll at others schools, as their talent has been spotted, it is in our view a disgrace. Sunridge will not offer or sponsor any learner to come to our school. We have never done this nor will we engage in this degrading of values at Primary school level.

A learner, for whatever reason, may apply at Sunridge at any time and provided there is space available, join us. We will not engage in the above - our players are learners who enroll at Sunridge of their own free will, who want to be here and who accept our values.

With this value, our track record on the sport field is way better than that of current schools who put "offers" or "sponsorships" on the table under the banner of "better opportunities" or "development." We will expose them in the future as they become arrogant and damage relationships amongst schools.

When learners receive "offers" or "sponsorships" for Grade 8 (high school) we respect this as it is a new phase in their life away from primary school.

This is also applicable in cultural and academic fields - they are not immune to these degrading activities. We will create opportunities, provide quality teaching and coaching, uphold values, respect other schools and allow learners to enroll at Sunridge of their own free will.

We will make mistakes, we will fail, we will fall BUT we will never give up. We will not be judged on how we fall but on how we get up. The same policy applies to our children.

Attached to the newsletter a letter "Dear parent – this is your duty" written by Dr De Klerk-Luttig as published in "Die Burger" – 18 August 2023. As it was only in Afrikaans, we translate it for your convenience only.

Sunshine greetings



M DE VRIES
Principal



Geagte Ouers

Die Wrede Werklikheid

Terwyl ons voortdurend op ons pad vorentoe geleenthede skep, is daar verskeie aangeleenthede wat ons aandag verg. Wat ons Bulletjies (rugby), Blommetjies (netbal) en Bokkies (hokkie) aanbetref, kies ons nie 'n A-, B-, C- of D-span nie, maar net 'n span. Om te wen, is nie belangrik nie, want alle leerders moet blootstelling kry – hulle moet die wedstryd geniet sonder druk om te wen. Om te verloor is 'n werklikheid en hulle moet leer om dit te hanteer, want dit is 'n vaardigheid wat in die toekoms goed te pas sal kom. Dit help hulle ook om aan te hou oefen, steeds deel te neem en van geleenthede gebruik te maak.

Vanaf onder 9-vlak is dit 'n perd van 'n ander kleur, want dan word A-, B-, C- of D-spanne gekies. Ons bevorder wel 'n wenkultuur en probeer dit vestig – maar nooit ten alle koste nie. Ons sal die knie voor 'n beter span buig, maar dit neem niks van ons weg nie, want ons doelwit bly steeds om geleenthede te skep en om mededingend te wees.

Na ons mening is dit skandalig dat talentvolle kinders “aanbiedings” of “borgskappe” kry om by ander skole in te skryf. Sunridge sal nooit aanbied om 'n leerder te borg as hy/sy by ons skool wil inskryf nie. Ons het dit nog nooit gedoen nie en sal ook nie betrokke raak by hierdie inboet van waardes op laerskoolvlak nie.

'n Leerder wat om watter rede ookal by Sunridge wil inskryf, kan te eniger tyd aansoek doen en - mits daar plek beskikbaar is - by ons aansluit. Ons sal nie tot bogenoemde vlak daal nie – ons spelers is leerders wat uit eie vrye wil by Sunridge wil aansluit, wat hier wil wees en wat ons waardes aanvaar.

Ons prestasies op die sportveld, met toepassing van hierdie waarde, is heelwat beter as dié van skole wat “aanbiedings” of “borgskappe” onder die dekmantel van “beter geleenthede” of “ontwikkeling” verkwansel. Hul optrede sal beslis in die toekoms aan die groot klok gehang word, want hulle word arrogant en doen skade aan die verhoudings tussen skole.

Ons respekteer dit wanneer leerders “aanbiedings” of “borgskappe” vir Gr 8 (hoërskool) kry, want dit is 'n nuwe fase van hul lewe en hulle is klaar met laerskool.

Dit geld ook op akademiese en kultuurgebied, want selfs hier is daar geen immuniteit teen hierdie afbrekende aktiwiteite nie. Ons sal geleenthede skep, gehalte-afrigting en –onderrig aanbied, waardes handhaaf en leerders toelaat om uit hul eie vrye wil by Sunridge aan te sluit omdat dit is waar hulle wil wees.

Ons sal foute maak, ons sal struikel, ons sal val, MAAR ons sal nooit die handdoek ingooi nie. Dit maak nie saak hoe ons val nie, maar hoe ons opstaan – hiervolgens wil ons geoordeel word. Dieselfde beleid geld vir ons kinders.

'n Brief - Liewe ouer, dís jou taak – geskryf deur Dr De Klerk-Luttig, soos gepubliseer in Die Burger 15 Augustus 2023 word hierby aangeheg.

Sonskyngroete



M DE VRIES
Skoolhoof



Follow us on
FACEBOOK!

Dear parent – this is your duty

Are you an Uber parent, a helicoptering parent, a bulldozer parent or maybe a drycleaner parent? Jeanette de Klerk-Luttig tells us what parents can do to help teachers care for children in a partnership.

C.J. Langenhoven said the following about the difference between the educational responsibility of parents and that of teachers: “You can pay people to take care of your children’s education, but you are responsible for their upbringing”.

Early in Education 101 students are taught that parents are the primary educators of their children while teachers are the secondary educators, but in our country it is not cut and dried, because there are too many broken families.

According to the children’s fund of the United Nations (Unicef) there are between 3.4 million and 4 million orphans in South Africa and in 42% of families in our country the children are being brought up by single mothers.

Furthermore, between March 2021 and April last year more than 138 000 school girls between the age of ten and 19 gave birth.

This is a tragic, untenable situation because it means that children have to bring up children.

In so many children’s lives the teacher is the only adult educator and they are often not only teachers but also substitute parents. Not only are they supposed to get through the jam-packed curriculum, but they must also teach children manners, build character, dry tears, support and supply food – and this very often happens in overcrowded classrooms.

Yet a school remains a school – it is not a place for therapy or a rehabilitation centre. Schools and teachers simply cannot fix everything that goes wrong in society, nor can it be expected of them. This is not feasible and places a huge and unrealistic burden on teachers. Parents, on the other hand, cannot subcontract their responsibilities to teachers.

What kind of parent are you?

The ideal is that parents and teachers work together as partners to guide children into becoming independent, responsible and happy adults.

In the interest of the proper functioning of a school and the well-being of all concerned, there are a few things that teachers expect from parents:

- Please teach your children basic manners at home. This implies that parents should establish the core value of respect, as respect forms the foundation for good manners. Teach your children to speak to each other with respect, to listen attentively, to take turns and to share. The basic lack of respect from learners makes it very difficult for teachers to do their job and it drains their energy and motivation. The lack of respect of learners towards each other and teachers is one of the main reasons for teachers leaving the profession. Parents do not always realize how teachers are confronted on a daily basis with undisciplined behaviour and disrespect, nor how draining the continuous low grade harassment by learners can be. They do not know what their children are capable of doing under the influence of negative peer pressure in the class.
- Become involved with your children and be there for them. Chat to them and listen to them without giving advice immediately. Do at least one activity with your child every day – eat dinner together or watch a TV programme. Ask them which subjects they are busy with in certain learning areas. Read their setwork books and discuss it with them. Talk to them about what is happening in the country and the world – and ask their opinion. Just remember, your child is an individual and not a copy of yourself – with all the imperfections and shortcomings erased.
- Children’s participation in sport and cultural activities is important for their development and should one day be part of their good memories of school. Most children take part in sport for the fun, to belong and to develop skills, but parents should be careful not to be obsessed with winning. The idea of winning at all costs places a heavy load on learners and could lead to a fear of losing. According to medical advice the fear of losing – or of even coming second – is the reason for inexplicable “sport injuries”. The school is not primarily there to be victorious at sport events, although it may feel like it with interschool matches. School sport and cultural activities are important, but allow your children to enjoy their school careers without the constant pressure of having to win.
- Be involved with the school and make sure that you are not an Uber parent who drops your child in the morning, drives away, picks your child up after school and has no further contact with the school. Please read the school’s newsletter and help where you can without taking over. Show an interest in your child’s school activities and attend their matches, even if they do not play in the first or second team, but make sure not to be a helicopter parent, constantly hovering above the school. Maintain a healthy balance between being involved at school and your child’s school work, without being that parent who is always in the Principal’s office voicing an opinion over everything.
- Do not be a bulldozer parent who wants to clear away all possible problems and obstacles so that it can be smooth sailing for your child. In every subject and grade there are difficulties that most children have to battle to overcome, but that is how they learn perseverance. Please do not do your child’s homework and projects. They should rather do it themselves and score fewer marks and that teaches them how to cope. You do your child an injustice by not allowing him to learn how to take responsibility for his work. They then cannot cope with higher education and battle in the work place, because they never learnt to persevere and take responsibility for their work. Overprotectiveness, like neglect, is not beneficial to a child’s healthy development.
- It should be a matter of principle for parents to pay school fees. Even if you cannot afford DSTV, rather pay the school fees first to show that your child’s education is important to you.
- Think carefully before confronting a teacher at school. Be sure that your child has not twisted the truth and remember that there are two sides to every story. Make an appointment if you would like to discuss something with a teacher.
- Please do not run down the teachers in the presence of children and do not be part of a WhatsApp group where everything the teacher does or says is criticized continually. For instance, a Gr 3 boy boldly told his teacher; “Miss, I do not have to listen to you, because my dad says his secretary earns more than you do”. Teachers are also people and – unlike other professions – they see between 25 and 40 people every hour. Of course your child is important, but even if your child is the prince or princess at home, there are between 25 and 40 princes and princesses in the class, all competing for the attention of one person. The teacher simply cannot pay attention to all the children all the time. Teachers, being human, also make mistakes. Remember that all learners record a “video” of the teachers at school every day and then play it at home. Just imagine what would happen if they made a “video” at home and played it back at school.
- Technology is the reason that teachers have less private time. Please do not bother teachers via social media at night and over weekends. That is when they mark, set question papers, do planning, prepare lessons, take a breather and recharge their batteries.
- Establish a stable routine at home as far as possible, as that creates a feeling of security. Children and teenagers need enough sleep to cope with the busy programme at school. It is extremely difficult to try and teach children who are too tired to stay awake in class. From a young age healthy work habits should also be established at home. Please do not be a drycleaner parent who drops your child at school in a dishevelled state – emotionally and physically – and expect to pick up a neat, happy and sorted child after school.
- Remember in the long run your child’s character is more important than his achievements. Focus on the development of your child’s character and the establishment of core values at home. Many parents would like their children to rather be happy than to be good people. But your most important task is not to make your child happy, but to bring up a child of sound character. You are the parent – act like that and do not be afraid to set boundaries in the interest of their safety and well-being. We live in weird times, where parents are getting to be afraid of their children.

In conclusion: As parents and teachers we have a common purpose – to build the character of children and help them gain the skills and knowledge to be competent, responsible adults. In order to reach this goal, we have to take hands and work together as partners.

Dr De Klerk-Luttig is associated with the office for moral leadership at Stellenbosch University.

Liewe ouer, dís jou taak

Is jy 'n Uber-ouer, 'n helikopter-ouer, stootskraper-ouer of dalk 'n droogskoonmaker-ouer? Jeanette de Klerk-Luttig sê wat ouers kan doen om onderwysers te help om in 'n vennootskap om te sien na kinders.

Die verhouding tussen die opvoedingstaak van ouers en dié van onderwysers het C.J. Langenhoven só opgesom: “Jy kan mense betaal om vir jou kinders se geleerdheid te sorg, vir hul opvoeding moet jy self staan”.

Vroeg in Opvoedkunde 101 leer studente dat ouers die primêre opvoeders van hul kinders en onderwysers die sekondêre opvoeders is, maar in ons land is dit nie so eenvoudig nie, want daar is net te veel stukkende gesinne.

Volgens die Verenigde Nasies se kinderfonds (Unicef) is daar tussen 3.4 miljoen en 4 miljoen weeskinders in Suid-Afrika en in 42% van gesinne in ons land word kinders deur enkelma's grootgemaak.

Tussen Maart 2021 en April verlede jaar het meer as 138 000 skoolmeisies tussen tien en 19 jaar boonop geboorte gegee.

Dit is 'n tragiese, onhoudbare situasie, want kinders moet dan kinders grootmaak.

Onderwysers is in soveel leerlinge se lewe die enigste volwasse opvoeder en hulle is dikwels dan nie net onderwyser nie, maar ook plaasvervangende ouers. Hulle moenie net deur die oorvol kurrikulum kom nie, maar kinders ook maniere leer, karakter bou, trane afvee, ondersteun en van kos voorsien – en dit alles in dikwels oorvol klaskamers.

Maar 'n skool bly 'n skool en dit is nie 'n plek van terapie of 'n rehabilitasiesentrum nie. Skole en onderwysers kán nie alles wat in die samelewing skeefloop, regstel nie en dit kan ook nie van hulle verwag word nie. Dit is onhaalbaar en plaas 'n te groot en onrealistiese las op onderwysers. Ouers, weer, kan nie hul verantwoordelikhede aan onderwysers uitkontraheer nie.

Watter ouer is jy?

Die ideaal is dat ouers en onderwysers as vennote sal saamwerk om kinders te begelei om selfstandige, verantwoordelike en gelukkige volwassenes te word.

Ter wille van die goeie funksionering van 'n skool en die welsyn van almal betrokke, is daar 'n paar dinge wat onderwysers van ouers verwag:

- Leer jou kinders asseblief basiese maniere by die huis. Dit impliseer dat ouers tuis die kernwaarde van respek moet vestig, want respek vorm die grondslag van goeie maniere. Leer jou kinders hoe om respectvol met ander te praat, hoe om met aandag te luister, hoe om beurte te maak en te deel. Die basiese gebrek aan respek by leerlinge maak dit baie moeilik vir onderwysers om hul werk te doen en dit tap hul energie en motivering. Oneerbiedigheid van leerlinge teenoor mekaar en teenoor onderwysers is een van die hoofoorsake waarom talle goeie leerkragte die onderwys verlaat. Ouers besef dikwels nie met hoeveel ongedisiplineerdheid en oneerbiedigheid onderwysers daagliks gekonfronteer word en hoe erg die voortdurende laaggraadse terrorisering deur leerlinge kan wees nie. Hulle weet nie waartoe hul kinders onder die invloed van negatiewe groepsdruk in die klas in staat is nie.
- Wees betrokke by jou kinders en wees daar vir hulle. Gesels met hulle en luister na hulle sonder om dadelik raad te gee. Doen elke dag minstens een aktiwiteit saam met jou kinders, eet saam aandete of kyk 'n TV-program saam. Vra 'n bietjie meer uit oor watter onderwerpe hulle in sekere leergebiede behandel. Lees hul voorgeskrewe boeke en gesels daaroor. Gesels met hulle oor wat in die land en die wêreld gebeur en hoor wat hulle dink. Maar onthou, jou kind is 'n individu en nie 'n kopie van jouself – met al die foute en tekortkominge weggedokter – nie.
- Kinders se deelname aan sport en kultuuraktiwiteite is belangrik vir hul ontwikkeling en dit behoort eendag deel van hul goeie herinneringe aan die skool te wees. Die meeste leerlinge neem aan sport deel vir die pret, om te behoort en om vaardighede te ontwikkel, maar ouers moet waak teen 'n beheptheid met wen. Die idee van wen ten alle koste plaas geweldige druk op leerlinge en dit lei soms tot 'n vrees vir verloor. Volgens medici is daardie vrees om te verloor of om selfs net tweede te kom die oorsaak van onverklaarbare “sportbесerings”. Die skool is nie primêr daar om sportbyeenkomste te wen nie, al voel dit nou met interskole wel so. Skolesport en die kulturele aktiwiteite is belangrik, maar gun jou kind 'n aangename skoolloopbaan sonder die konstante druk om te moet wen.
- Wees betrokke by die skool en moenie 'n Uber-ouer wees wat net jou kind soggens aflaai en wegry, en ná skool oplaai en verder niks van die skool weet nie. Lees asseblief die skool se nuusbrief en help waar jy kan sonder om oor te neem. Stel belang in jou kind se skoolaktiwiteite en woon jou kind se optredes by, al speel hulle nie in die eerste of tweede span nie, maar moet asseblief nie 'n helikopter-ouer wees wat gedurig bo die skool bly hang nie. Handhaaf die fyn balans tussen betrokke wees by die skool en jou kind se skoolwerk sonder om daardie ouer te wees wat gedurig in die hoof se kantoor is en inspraak wil lewer oor alles.
- Moenie 'n stootskraper-ouer wees wat alle moontlike probleme of struikelblokke voor jou kinders wil wegstoot en die pad vir hulle wil gelykmaak nie. Daar is in elke vak en graad moeilike werk waarmee die meeste leerlinge maar moet spook om dit baas te raak, maar só leer hulle om vas te byt. Moet asseblief nie jou kinders se take en huiswerk vir hulle doen nie. Laat hulle dit liewer self doen en minder punte kry en só leer hoe om dit te doen, want jy doen jou kind 'n groot onguns aan wanneer hulle nie self leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul werk nie. Hulle val dan vinnig uit wanneer hulle verder studeer en sukkel ook in die werkplek, want hulle het nie geleer om vas te byt en verantwoordelikheid vir hul werk te aanvaar nie. Net soos verwaarloosing, is oorbekoming nie goed vir kinders se gesonde ontwikkeling nie.
- Dit moet vir ouers 'n beginselsaak wees om hul kind se skoolgeld te betaal. Al kan jy dan nie DSTV bekostig nie, betaal eers die skoolgeld en wys daarmee dat jou kind se onderwys vir jou belangrik is.
- Dink goed voordat jy 'n onderwyser by die skool kom konfronteer. Maak seker dat jou kind die volle waarheid gepraat het en onthou dat 'n saak meer as een kant het. As jy iets met 'n onderwyser wil bespreek, maak 'n afspraak om die onderwyser te sien.
- Moet asseblief nooit onderwysers voor kinders afkraak nie en moenie deelneem aan WhatsApp-groepe wat voortdurend alles kritiseer wat onderwysers doen of sê nie. 'n Gr 3-seuntjie het byvoorbeeld met groot bravade aan sy juffrou gesê: “Juffrou, ek hoef nie na juffrou te luister nie, want my pa sê sy sekretaresse kry meer geld as juffrou”. Onderwysers is ook mense en – anders as alle ander professionele beroepe – sien hulle tussen 25 en 40 mense elke uur. Natuurlik is jou kind belangrik, maar al is jou kind die prins of prinses in jou huis, is daar in die klaskamer tussen 25 en 40 prinse en prinsesse wat om die aandag van een persoon meeding. Die onderwyser kan eenvoudig nie die hele tyd na alle kinders se behoeftes omsien nie. Onderwysers maak ook foute, want ons is ook mense. Onthou dat leerlinge elke dag 'n “video” van die onderwysers by die skool maak en dan speel hulle dit by die huis. Dink net wat sal gebeur as hulle 'n “video” maak van wat by die huis gebeur en dit dan by die skool gaan speel?
- Tegnologie maak dat onderwysers minder tyd vir hul private lewe het. Moet asseblief nie onderwysers gedurig saans en naweke via sosiale media pla nie. Hulle moet dan nasien, vraestelle opstel, beplan, lesse voorberei, asem skep en batterye herlaai.
- Sover dit moontlik is, verseker 'n stabiele roetine in die huis, want dit skep 'n gevoel van veiligheid. Kinders en tieners het genoeg slaap nodig om te kan byhou by die druk program by die skool. Dit is baie moeilik om klas te gee vir kinders wat so moeg is dat hulle nie hul oë kan oophou in die klas nie. Skep van jongs af ook gesonde werkgewoontes by die huis. Waak daarteen om 'n droogskoonmaak-ouer te wees wat jou kind soggens emosioneel en fisiek in 'n gehawende toestand by die skool aflaai en dan verwag om 'n netjiese, gelukkige, uitgesorteerde kind op te laai ná skool.
- Onthou dat jou kind se karakter op die lang duur belangriker is as jou kind se prestasies. Fokus daarom op die ontwikkeling van jou kind se karakter en die vestiging van kernwaardes in die huis. Baie ouers wil graag hê dat hul kinders gelukkig sal wees, meer as wat hulle wil hê dat hulle goeie mense sal wees. Maar jou primêre taak is nie om jou kind gelukkig te maak nie, maar om 'n kind met karakter groot te maak. Jy is jou kind se ouer, tree só op en moenie bang wees om grense te stel ter wille van hul veiligheid en welsyn nie. Ons leef in 'n rare tyd waar ouers begin skrikkerig raak vir hul kinders. Ten slotte: As ouers en onderwysers het ons 'n gemeenskaplike doel, naamlik om die karakter van kinders te bou en hulle te help om die vaardighede en kennis te verwerf om hul plek as bevoegde, verantwoordelike volwassenes te kan inneem. Om dié doel te kan bereik, moet ons hande vat en saamwerk as vennote.

Dr De Klerk-Luttig is verbonde aan die kantoor vir morele leierskap van die Universiteit Stellenbosch.

LEARNER ACHIEVEMENTS / LEERDERPRESTASIES

*If not a school event, official results must be emailed to wendy@sunridge.co.za within one week of the event.
Indien nie 'n skoolaktiwiteit nie, moet uitslae binne een week na wendy@sunridge.co.za gestuur word.*

SWIMMING: Bellamé Mostert

DANCE: Friendly City Dance Festival - **M'Landi Smith** received silver for her ballet solo (11-12), Anri van Zyl received gold for Amateur Modern Solo, straight and duet. She also won the trophy for the sectional winner in modern dancing (7-8).

GYMNASTICS: Mareli le Roux (u/11) competed in the Gymnastics District competition - she came first in free dance, second for ball and overall 2nd position for Level 3.

MR AND MISS SUNSHINE/ MNR EN MEJ SONSKYN 12/13 SEPTEMBER 2023

Tickets will be on sale at the school office from Monday 7 Aug 2023.
Kaartjies word vanaf Maandag 7 Augustus 2023 by die skoolkantoor verkoop.

Foundation Phase/ Grondslagfase 12 September 2023
Intersen Phase/ Intersenfase 13 September 2023

Ticket prices/ Kaartjiepryse:

Row/Ry	- A/B	R100
Row/Ry	- C/D	R80
Row/ Ry	- E/F	R70
Row/ Ry	- G - K	R60

Row/ Ry - A - K All these tickets are the same price for adults and children
Kinders en volwassenes betaal die volle prys vir kaartjies

Row/ Ry - L - X R50 Adults/ Volwassenes
R30 Primary School Children (and younger)



WOW Circuit Results 4 August 2023

<u>Grade</u>	<u>Name and Surname</u>	<u>Position</u>
2 Afrikaans	Lu-Ann Janse van Rensburg	2 nd
4 Afrikaans	Reghardt van Zyl	1 st
4 Afrikaans	Lianie Grobler	3 rd
5 Afrikaans	Elle Roth	1 st
6 Afrikaans	Dantè Fourie	2 nd
6 Afrikaans	Marlien Grobler	4 th
7 Afrikaans	Minette van Zyl	1 st
7 Afrikaans	Karlie Janse van Rensburg	2 nd

WOW District Results 18 August 2023

<u>Grade</u>	<u>Name and Surname</u>	<u>Position</u>
2 Afrikaans	Lu-Ann Janse van Rensburg	2 nd
2 Afrikaans	Minke van Jaarsveld	7 th
4 Afrikaans	Reghardt van Zyl	1 st
4 Afrikaans	Lianie Grobler	4 th
5 Afrikaans	Elle Roth	1 st
6 Afrikaans	Marlien Grobler	1 st
6 Afrikaans	Dantè Fourie	2 nd
7 Afrikaans	Karlie Janse van Rensburg	1 st

These 8 learners qualified to participate in the Provincial finals on 2 September 2023.



GIRLS HOCKEY			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
U/14A			
U/14B	WESTERING	0 - 1	ABBYGAIL DE LANGE
U/14C	WESTERING	0 - 12	JANA MARX
U/11A	WESTERING	0 - 2	EMILY THOMPSON
U/11B			
U/10A	WESTERING	0 - 6	TAYLOR VAN ROOYEN
U/10B	WESTERING	0 - 3	JUANÉ STANDER
U/9A	WESTERING	3 - 3	LILAH BAMBER
U/9B	WESTERING	2 - 1	ZARIA BHIKA
U/9C	WESTERING	7 - 0	LENÉ MARX
U/9D	WESTERING	0 - 0	ARIN TRENNERY
U/8A	WESTERING	0 - 0	ARSEMA TUFER
U/8B			
U/7A	WESTERING	4 - 0	SKYLA HERSELMAN
U/7B			



BOYS HOCKEY			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
U/14A	WESTERING	1 - 1	LIAM CLARK
U/14B	WESTERING	0 - 2	CHACE IMMELMAN
U/14B	ST DOMINICS PRIORY A	0 - 6	CONNOR SCHMIDT
U/11A	SUMMERWOOD B	3 - 0	ZACHARY POTGIETER
U/11A	WESTERING	0 - 1	JOHANNES VENTER
U/11B			
U/9A MINI	WESTERING	5 - 3	ZINATHI SIMELANE
U/9B MINI	WESTERING	1 - 3	LUKE THEUNISSEN
U/8A			
U/8B			
U/7A			
U/7B			

BULLETJIE RUGBY			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
U/8 BLUE	KABEGA	7 - 2	RIANCO BEKKER
U/8 BLUE	SUMMERWOOD	3 - 2	BRAYDEN VOGEL
U/8 BLUE	VERKENNER	19 - 0	ALWANDE MBANE
U/8 ORANGE	KABEGA	4 - 2	WIHAN VAN ROOYEN
U/8 ORANGE	ROWALLAN PARK	2 - 2	LOUW LANDMAN
U/7 BLUE	SUMMERWOOD	10 - 0	LIAM STOLTZ
U/7 BLUE	KABEGA	1 - 1	KUNGENTANDO MDLATU
U/7 BLUE	VERKENNER	12 - 2	CONLEY JONCK
U/7 BLUE	CHARLO	0 - 7	LOHAN KAPP
U/7 ORANGE	KABEGA	0 - 10	LIAM VINK
U/7 ORANGE	ROWALLAN PARK A	0 - 8	LUCAS ZEELIE



BLOMMETJIE NETBALL			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
U/8A	ALTONA	9 - 2	AVA ELS
U/8 A	ROWALLAN PARK	9 - 0	MISHKE KILLIAN
U/8B	VERKENNER A	0 - 9	CAILYN GRIMBEECK
U/8B	KABEGA A	0 - 4	ALRI GERBER
U/7A	KABEGA	4 - 0	LIANCE DICKS
U/7A	SUMMERWOOD	7 - 0	CHARLESTON HERMAN
U/7A	VERKENNER	2 - 1	JUANÉ DU PLESSIS
U/7B	KABEGA A	0 - 1	EMMA PIENAAR
U/7B	VERKENNER	1 - 0	UYINGCWELE NGXOZA

NETBALL			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
U/13A			
U/13B			
U/13C			
U/13D			
U/12A			
U/12B			
U/12C	ST GEORGES	1 - 3	MONJA TERBLANS
U/12D			
U/12D			
U/11A			
U/11B			
U/11C	COLLEGIATE D	1 - 2	KARA HEUNIS
U/11C			
U/11D	CLARENDON PARK	1 - 0	CAIRO SISHUTA
U/11D	COLLEGIATE F	4 - 0	CAITLIN BESTER
U/10A			
U/10B			
U/10C	COLLEGIATE	0 - 1	LEILA VENTER
U/10C	CLARENDON PARK	4 - 2	SINGCWALISE MAHOBE
U/9A			
U/9B			
U/9C	CLARENDON PARK 10D	11 - 0	CARLY ROSS
U/9C	CLARENDON PARK	4 - 0	KYRA SEARLE
U/9D	COTSWOLD	0 - 5	ALYSSA TRYTSMAN
U/9D	COLLEGIATE	0 - 4	ALYSSA TRYTSMAN
U/8A			
U/8B			
U/7A			
U/7B			



RUGBY			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
U/13A	WESTERING	28 - 7	KEAGIN VAN DER MERWE
U/13B	WESTERING	52 - 3	TRAVIS ANDERSON
U/13C			
U/11A	WESTERING	34 - 5	LOGAN BEZUIDENHOUT
U/11B	WESTERING	44 - 0	KADEN NORTJE
U/11C			
U/9A	WESTERING	52 - 0	DYLAN OOSTHUIZEN
U/9B			
U/8 BLUE	WESTERING	6 - 0	RIANCO BEKKER
U/8 ORANGE	WESTERING	15 - 5	ZACH KLOPPER
U/7 BLUE	WESTERING	6 - 1	CONLEY JONCK
U/7 ORANGE	WESTERING	6 - 3	WILLEM VAN NIEKERK

SUPER RUGBY			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
U/13A	JEFFREYS BAY	19 - 17	NKOSIVILE NGXOZA
U/11A	HANDHAAF	15 - 14	CILLIERS JOOSTE
U/9A	KABEGA	17 - 0	LOUIS FOURIE

CHESS			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
SENIOR	WESTERING	2.5 - 4.5	JOHRNé PRINSLOO
JUNIOR			

TENNIS RESULTS			
TEAM	OPPONENT	RESULT	PLAYER OF THE MATCH
1ST MIXED	WESTERING	24 - 4	STEFAN VAN MOLENDORFF
2ND MIXED	WESTERING	25 - 3	KATE ROBERT
2ND MIXED	THEODOR HERZL A	7 - 21	EMILY ROBERT

PHOTO GALLERY / FOTOGALERY



PRICE LIST 2023

NEW ITEMS FOR SALE	PRICE
BLAZERS	R600.00/ R620.00
SCHOOL DRESSES (6,7,8,9,10,11,12,13,14,15,16,17,18, 19, 20)	R310.00 / R430.00
L/ SLEEVE NAVY SCHOOL JERSEYS (24, 26, 28, etc)	R255.00/ R295.00
POCKET BADGES FOR BOYS SUMMER SHIRTS	R25.00
LONG GREY SCHOOL SOCKS (9-12, 13-3, 4-7, 8-10, 10-12)	R65.00
BOYS TIE	R120.00
PT GOLF SHIRT (5-6, 7-8, 9-10, 11-12, 13-14, S, M, L , XL, 2XL)	R185.00 / R200.00
HOUSE SHIRTS (5-6, 7-8, 9-10, 11-12, 13-14, S, M, L, XL ,2XL)	R185.00/ R200.00
RIPSTOP JACKETS (4-6, 6-8, 8-10, 10-12, 13-14, S, M, L,XL)	R350.00/ 430.00
RIPSTOP PANTS (4-6, 6-8, 8-10, 10-12, 13 –14, S, M, L, XL)	R270.00/ R300.00
GIRLS PT SHORTS	R155.00 / R175.00
BOYS PT/ RUGBY SHORTS	R165.00 / R180.00
GIRLS HOT PANTS	R100.00
NAVY STOCKINGS (5-6, 7-8, 9-10, 11-12, S, M, L)	R80.00
POLAR FLEECE BLANKETS	R175.00
GR 7 NAVY PULLOVER (87, 92, 97, 102)	R200.00/ R200.00
GR 7 WHITE PREFECT PULLOVER (87, 92, 97, 102)	R225.00/ R235.00
RAMBLE SCHOOL BAG BRANDED	R720.00
RAMBLE SCHOOL BAG UNBRANDED	R700.00
LETTER LADY JUNIOR BAG	R375.00
SPORT TOG BAG	R295.00
RAMBLE DUAL SPORT BACK PACK (TENNIS/HOCKEY)	R350.00
SCHOOL PEAK CAPS	R75.00
ORANGE SCHOOL SILICONE SWIMMING CAP	R55.00
GIRLS/ BOYS BLUE HOCKEY SOCKS	R75.00
U/13A GIRLS/ BOYS ORANGE HOCKEY SOCKS	R75.00
WHITE ANKLE NETBALL/ TENNIS SOCKS	R55.00
U/13A ORANGE ANKLE SOCKS NETBALL/ TENNIS	R55.00
RUGBY JERSEYS (SUBLIMATED)	R360.00 – R370.00
BOYS HOCKEY/ TENNIS SHIRT (SUBLIMATED)	R260.00
BOYS HOCKEY/ TENNIS SHORTS (SUBLIMATED)	R230.00
GIRLS NETBALL/HOCKEY/TENNIS TOP (SUBLIMATED)	R250.00 – R260.00
GIRLS NETBALL/HOCKEY/ SKIRT (SUBLIMATED)	R220.00
BOYS CRICKET SHIRTS (SUBLIMATED)	R280.00/ R290.00

TERMS AND CONDITIONS

- DEBIT OR CREDIT CARD PAYMENTS
- ALL PRICES SUBJECT TO CHANGE - PRICES ABOVE VALID WHILE STOCKS LAST
- ANY ITEMS RETURNED MUST BE IN THE ORIGINAL PACKAGING WITH LABELS AND INVOICE
- 30 DAY EXCHANGE POLICY

PER PILLAR ~ R1,000.00 ~ PER

Our aim : 200 pillars!

Ons doelwit : 200 pilare!

